**Aankondiging van 'n Ster –** 5/9/59
Bertha Dudde No: 7405

Wat julle deur die Gees verkry, sal julle sonder bedenkinge kan aanneem. En so sal julle moet aanvaar dat ook in die heelal die nabye einde van die aarde ook al bemerk kan word, dat daar **kosmiese veranderinge** voorkom, omdat dit God se Wil is, dat by die beëindiging van 'n aardse periode, op elke manier kenmerkend aandag getrek word, wat die mens nie natuurlik sou kon verklaar nie, wat hom die Mag van 'n Skepper laat sien en wat dus ook in alle duidelikheid op die Skepper wys.

En hierdie kosmiese veranderinge raak meestal afwykings in die beweging van die hemelliggame tot nou toe, wat 'n ander baan inslaan en dat sulke gebeurtenisse vir die mense onverklaarbaar is en bly en tog nie ontken kan word nie. Hoe naderby die einde kom, hoe meer dikwels sal die mense sulke gebeurtenisse waarneem, eers nie baie duidelik sigbaar nie, maar wat egter steeds duideliker tevoorskyn sal kom sodat die mense in waarheid sal kan sê: "**Die kragte van die hemele is in beweging**".

*Lukas 21:25 EN daar sal tekens* ***wees aan son en maan en Sterre,*** *en op die Aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun,*

En geen enkele menslike wil sal daarmee vergelyk kan word nie; slegs God se Wil sal tot uitdrukking kom. En daarom sou ook alle mense kan glo in een God, wanneer hulle maar sulke ongewone verskynsels noukeurig sou volg. Maar wie nie wil glo nie, kan ook nie duideliker oortuig word van die bestaan van 'n God en Skepper, aan Wie alle elemente van die natuur moet gehoorsaam nie. **Wie egter oplet, sal ook weet hoe laat dit is.**

En so sal **een ster homself losmaak** uit sy normale baan en die weg na die aarde neem. En hierdie ster gaan sy weg onafhanklik van die wil van die mense en hy hou vir hulle 'n groot gevaar in, maar sy loop word nie gestuit nie, **omdat die aarde 'n skok moet ondervind, tot skade en heil van die mense daarop**. Want baie mense sal hulle lewens daardeur verloor, soos wat dit al 'n lang tyd tevore verkondig is.

En die aarde sal 'n skok ondergaan. Niemand sal homself kan voorstel in welke gevaarlike situasie die hele ster (aarde) sal kom nie. **Hierdie natuurkatastrofe sal nie tot 'n volledige vernietiging lei nie**, maar tog sal dit van 'n onvoorstelbare omvang wees, waarby vir ontelbare mense alreeds die einde sal kom.

Maar wie dit sal oorleef, gaan nie lank daarna die einde tegemoet, **'n daad van vernietiging wat deur die menslike wil veroorsaak word**, wat wel deur God toegelaat gaan word, maar wat nie Sy Wil is nie, terwyl die vroeër genoemde kosmiese katastrofe tog nog 'n **verlossende doel sal hê,** sodat die ongelowige mense nog op die laaste gewys sal word op 'n Mag wat alles stuur en dat daar niks willekeurig gebeur nie.

Daar moet nog 'n reddingsmiddel vir hulle gegee word, wat een laaste middel is om te begin glo, sodat hulle nie verlore gaan nie. God Self spreek deur hierdie gebeure die mense aan wat geen ag slaan op Sy sagte stem nie. **Maar Sy luide stem weerklink dikwels op pynlike wyse** en daar sal ook baie daaraan te prooi val, dit wil sê, daar sal baie doodgaan, aan wie egter nog die moontlikheid oorbly om in die ryk hierna in te haal wat hulle op aarde versuim het.

Dog sal baie ook nog die genade hê om die laaste kort tyd tot die einde toe mee te maak. En ook nou weer is die wil om te glo maatgewend, want die ongelowiges sal vir hulle siel geen voordeel trek van wat hulle meemaak nie. En hulle sal vir hulself aan die einde alleen maar **die lot van 'n hernude kluistering verkry**, waarteen God in Sy Liefde die mense sou wou behoed het.

En daarom waarsku en maan Hy almal vooraf en Hy maak die mense opmerksaam op alle verskynsels in die laaste tyd - en salig is hy wat hierop ag slaan, wat daarin glo en sy lewe op aarde in ooreenstemming daarmee leef. Hy sal deur al die moeilikhede heen gelei word en wat ookal met hom sal gebeur, dit sal goed wees vir sy siel en haar rypwording op hierdie aarde. Amein.

Ongewone hulp van God na die natuurgebeure **–** 10/4/59
Bertha Dudde No: 7331

Daar sal onbeskryflike chaos onder mense wees **nadat Ek deur die kragte van die natuur gespreek het,** want hulle sal almal vrees dat die gebeurtenis homself sal herhaal en gejag en vol angs sal hulle voortlewe te midde van die verwoesting wat deur die elemente van die natuur aangerig was en **tog volgens My wil, wat daarin tot uitdrukking gekom het**. En daar sal 'n moeilike tyd oor die mense kom, 'n tyd wat nouliks ooit meegemaak was deur mense wat die aarde bewoon het.

Maar tog is dit ook die tyd van die einde waarin alles met ongewone omvang sal plaasvind, om mense nog **tot ontwaking te bring**. Maar die natuurgebeure sal ook weer net weinige tot nadenke bring, terwyl die meerderheid mense vol verontwaardiging **alle geloof in 'n God en 'n Skepper sal verwerp,** wat sulke verwoesting toegelaat het soos wat dit vir elkeen duidelik sigbaar sal wees. Maar tog oorweeg niemand sy eie gedrag en hoe hy homself teenoor God, teenoor My gedra het nie, Wie hulle slegs met die mond bely het, sonder om egter 'n lewende geloof in My te hê of met My in verbinding te wees.

En maar weinig sal hulleself dan in hul groot nood na My keer, maar hierdie weiniges **sal My hulp ook sigbaar bemerk**. Ek sal hulle so duidelik wil bystaan

dat hulle versterk kan word in hulle geloof aan ‘n Mag wat hul lot in Sy hande hou.

Alles gebeur maar net **sodat die mense die band met My kan vind**. Maar dit sal steeds maar weiniges wees wat die komende tot seën sal strek, want die mense sal reeds te erg in die hande van My teenstander geval het, om hulself na My te wend en My om hulp te vra. En daarom kan Ek My ook nie aan hulle openbaar nie, wat Ek egter sekerlik sal doen vir hulle wat na My sal vlug in hul nood.

Die hewigheid van die lyding sal baie inniger laat bid wat die vervulling van hul gebede vir My baie makliker sal maak, omdat hulle geloof in ‘n God wat kan help, duidelik sal blyk en omdat hulle My dan so sal bestorm dat Ek hulle waarlik te hulp sal kom in hul nood.

En dan sal My diensknegte ruim geleentheid hê om My Woord aan die mense te bring, **wat opgeneem sal word met ’n honger wat selde gevind sal word.** Maar die ongelowiges sal des te meer met **haat vervul wees** teenoor diegene wat **My Woord predik**, net soos teenoor diegene wie **My hulp sigbaar sal ondervind**.

Maar hulle sal hulself nie laat bekeer nie, inteendeel sal hul liefdeloosheid maar net bewys dat hulle aan My teenstander behoort en hulle sal My en My liefde openlik weerstaan, wie hulle ook sou wou wen, maar geen toegang tot hulle kan vind nie.

Die nood sal groot wees en tog sal dit nie hopeloos wees nie, omdat Ek steeds in gebed om hulp gevra kan word en omdat Ek ‘n ware gebed sal verhoor om Myself aan hulle te openbaar wat nie heeltemal in die hande van My teenstander geval het nie.

Maar die mense moet vry bly om My aan te roep en daarom moet alles in die raamwerk van die natuurlike gebeur, maar sal maklik herkenbaar wees vir mense wat nog ‘n vonkie geloof besit **en aan wie Ek Myself ook bekend sal maak,** sodat hul geloof nie verlore sal gaan nie, maar veel eerder sal toeneem in krag en sterkte.

Die tyd lê voor julle en julle sal dit nie kan afwend nie, omdat julle **self** nie julle bes doen om ander weë in te slaan nie en omdat julle **self** deur julle lewe en handelinge die tyd ryp laat word, omdat julle **self** die einde bespoedig deur julle gesindheid en **omdat die tyd vervul is wat aan julle toegestaan is** om julle siel te laat ryp word. Amein.